

HOOFSTUK 7

BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1 INLEIDING

Hierdie navorsing is uitgevoer om die taak van die universiteit in die voorsiening van voortgesette onderwys te bepaal. In hoofstuk 2 is die aard, wese en struktuur van voortgesette onderwys in oënskou geneem. In hoofstuk 3 is die universiteitstaak met besondere verwysing na die voorsiening van voortgesette onderwys toegelig. In hoofstukke 4, 5 en 6 is onderskeidelik die voorsiening van voortgesette onderwys aan enkele buitelandse en binnelandse universiteite en aan die PU vir CHO behandel.

In hierdie hoofstuk word nou op grond van die voorafgaande beskouings tot sekere bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings geraak.

7.2 DIE PROBLEEM WAT ONDERSOEK IS

7.2.1 Die navorsingsprobleem

In paragraaf 1.2 is die navorsingsprobleem soos volg geformuleer:

Daar moet bepaal word welke taak die universiteit in die voorsiening van voortgesette onderwys het, en hoe die universiteit aan hierdie opdrag kan voldoen. Dit gaan dus spesifiek om die *taak van die universiteit*, met sy besondere struktuuraard, kundighede en fasiliteite, ten opsigte van die voorsiening van voortgesette onderwys met sy komplekse doelstellings, struktuur en eie aard, te bepaal.

In paragraaf 1.4 is 'n moontlike oplossing vir die navorsingsprobleem in die vorm van 'n hoofhipotese en 'n aantal subhipoteses geformuleer.

7.2.2 Hoofhipotese

Die universiteit met sy kundigheid vervat in 'n groot aantal departemente, buro's en institute, het benewens sy taak van formele onderrig aan ingeskrewe voor- en nagraadse studente, ook die taak om in die voorsiening van voortgesette onderwys aan professiebeoefenaars en die "algemene publiek" 'n bydrae te lewer.

7.2.3 Subhipoteses

7.2.3.1 Subhipotese 1

Die besondere aard van voortgesette onderwys bemoontlik die effektiewe deelname van universiteite daaraan.

7.2.3.2 Subhipotese 2

Die universiteit is op grond van sy besondere struktuur in die besonder by magte om op die gebied van voortgesette onderwys 'n bydrae te lewer.

7.2.3.3 Subhipotese 3

Verskeie buitelandse en Suid-Afrikaanse universiteite is reeds aktief betrokke op die gebied van voortgesette onderwys.

7.2.3.4 Subhipotese 4

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het op grond van sy besondere karakter, 'n bydrae op die gebied van voortgesette onderwys te lewer.

7.3 DIE DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing was om te bepaal of die universiteit met sy bestaande en nuut-verworwe kundigheid, op grond van voortdurende navorsing oor die hele breë spektrum van die wetenskap, en met die besondere fasiliteite tot sy beskikking, 'n verantwoordelikheid het om voortgesette onderwys te voorsien, en indien wel hoe aan dié verantwoordelikheid voldoen kan word. Die probleem was dus om te bepaal in welke mate die universiteit kan voldoen aan:

- * die voorsiening van voortgesette onderwys vir die professiebeoefenaar;
- * die voorsiening van algemeenvormende en kennis- en kultuurverrykende studieprogramme, wat ook informatiewe lesingreekse kan insluit, en
- * om navorsing oor alle aspekte van voortgesette onderwys te doen.

Die navorsing moes rekening hou met die oortuiging wat by belanghebbendes bestaan dat die universiteit die opdrag het om sy bron van kennis en navorsingsresultate aan die gemeenskap beskikbaar te stel om in die behoefte aan voortgesette onderwys te voorsien.

7.4 BEVINDINGS

7.4.1 Inleiding

By die aanvang van die navorsing is 'n hoofhipotese en 'n aantal subhipoteses geformuleer. Daar moet nou tot 'n finale beslissing oor die aanvaarbaarheid al dan nie van die subhipoteses en daardeur ook van die hoofhipotese, geraak word.

7.4.2 Bevindings ten opsigte van die subhipoteses

* *Subhipotese 1*

Die besondere aard van voortgesette onderwys bemoontlik die effektiewe deelname van universiteite daaraan.

Voortgesette onderwys is 'n kreatiewe gebeure wat deur die lewe van die mens heen voortduur en wat ten doel het om die verskillende leergebeure met mekaar te integreer ten einde die mens in sy totaliteit te ontwikkel. Voortgesette onderwys dui op 'n nuwe siening en 'n nuwe benadering ten opsigte van onderwys en die voorsiening van onderwysdienste. Dit stel die optimale ontwikkeling van alle mense op alle lewenstadia, en die optimale benutting van alle onderwysfasiliteite (en derhalwe ook dié van die universiteit) in belang van die staat, maar bowenal met die oog op die ryker persoonlike lewensvervulling van die individu, in die vooruitsig. Alhoewel voortgesette onderwys op opvoeding en onderwys in breër verband dui, plaas dit primêre klem op beroepsopleiding, heropleiding, indiensopleiding van professiebeoefenaars, en kulturele en algemene vorming (kyk paragraaf 2.3).

Die besondere aard van voortgesette onderwys maak dus die effektiewe deelname van universiteite daaraan moontlik en gevolglik word subhipotese 1 aanvaar.

* *Subhipotese 2*

Die universiteit is op grond van sy besondere struktuur in die besonder by magte om op die gebied van voortgesette onderwys 'n bydrae te lewer.

Dit word universeel aanvaar dat die taak van die universiteit onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens is. As gevolg van tegnologiese ontwikkelings op alle gebiede regdeur die wêreld is die gemeenskapsdienstaak van die universiteit in der mate beïnvloed dat in toenemende mate ook aan die opleiding, heropleiding en indiensopleiding van professiebeoefenaars aandag gegee moes word. Hierdie verdere opleiding geld in die eerste instansie vir diegene wat reeds vir 'n professie opgelei is, maar wie se kennis as gevolg van tegnologiese ontwikkeling verouderd raak (kyk paragraaf 3.7). Voorts is dit so dat gemeenskapsdiens van die universiteit verband hou met die onderrig- en navorsingstaak van die universiteit en dat voortgesette onderwys as voorbeeld van gemeenskapsdiens vermeld kan word (kyk paragraaf 3.4.5.2).

Die universiteit beskik oor besondere kundighede wat in sy akademiese departemente en navorsings- en onderrigburo's en -institute, geleë is. Voorts het die universiteit die roeping om gemeenskapsdiens, in die vorm van voortgesette onderwys, te lewer. Dit kan dan gestel word dat subhipotese 2 aanvaar word.

* *Subhipotese 3*

Verskeie buitelandse en Suid-Afrikaanse universiteite is reeds aktief betrokke op die gebied van voortgesette onderwys.

Voortgesette onderwyskursusse wat as doelstelling indiensopleiding of opknappingsgeleenthede vir die professiebeoefenaar, en die algemene vorming en kennis- en kultuurverryking van die gemeenskap het, word oor 'n wye spektrum aan buitelandse en bykans alle Suid-Afrikaanse universiteite aangebied (kyk paragrawe 4.2.7 en 5.13).

Benewens aanbiedings van voortgesette onderwyskursusse in die vorm van lesings, seminare, konferensies en besprekings, word kursusse aan sommige buitelandse universiteite ook deur middel van oudio- en videokassette en by wyse van korrespondensiekursusse aangebied. Die radio en televisie word voorts ook ruimskots vir dié doel aangewend.

Dit kan gevolglik gestel word dat subhipotese 3 aanvaar word.

* *Subhipotese 4*

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys het op grond van sy besondere karakter 'n bydrae op die gebied van voortgesette onderwys te lewer.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys se akademiese kundighede is geleë in 8 fakulteite, meer as 80 akademiese departemente en 'n aantal buro's, sentrums en institute. Hierbenewens beskik dié universiteit ook vanweë sy Christelik-Afrikaanse karakter, plattelandse, maar ook half-stedelike ligging en sy besondere voedingsgebied, oor eiesoortige kundighede om deur middel van Christelike wetenskapsbeoefening ook 'n bydrae tot die voorsiening van voortgesette onderwys te lewer.

Gevolglik word subhipotese 4 aanvaar.

7.4.3 Bevinding ten opsigte van die hoofhipotese: algemene gevolgtrekking

Op grond van die feit dat die vier subhipoteses aanvaarbaar bevind word, word hiermee ook die hoofhipotese aanvaar, naamlik dat die universiteit met sy kundigheid vervat in 'n groot aantal departemente, buro's en institute, benewens sy taak van formele onderrig aan ingeskrewe voor- en na-graadse studente, ook die taak het om voortgesette onderwys aan professie-beoefenaars en die "algemene publiek" te lewer.

7.5 AANBEVELINGS OP GROND VAN DIE NAVORSING

7.5.1 Inleiding

Aanbevelings wat uit die navorsing voortspruit, kan in twee groepe onderskei word, naamlik aanbevelings ten opsigte van voortgesette onderwysvoorsiening in die algemeen deur universiteite, en aanbevelings wat meer spesifiek op die voorsiening van voortgesette onderwys aan die PU vir CHO gerig is.

7.5.2 Algemene aanbevelings

- * Navorsing oor voortgesette onderwys behoort in groter mate die aandag van universiteite te geniet.
- * Voortgesette onderwysvoorsiening aan die professiebeoefenaar kan uitgebrei word na meer professies as dié waarvoor tans voorsiening gemaak word.
- * In aansluiting by bovermelde aanbeveling moet samewerking van professionele rade in die voorsiening van voortgesette onderwys in 'n groter mate verkry word.
- * Universiteite kan onderling met mekaar saamwerk in die aanbieding van voortgesette onderwyskursusse.
- * Koöperatiewe opleiding ("sandwich courses") behoort vir die opleiding van verskeie professiebeoefenaars oorweeg te word.
- * Voortgesette onderwysaanbiedings aan universiteite behoort staatsubsidiëring te ontvang.

7.5.3 Aanbevelings wat meer spesifiek op die PU vir CHO gerig is

- * Die landbou- en mynbousektore behoort in ruimer mate deur middel van voortgesette onderwysaanbiedings deur die universiteit by indiensopleiding betrek te word.
- * Doeltreffender skakeling tussen die Buro vir Voortgesette Onderwys en akademiese departemente kan bewerkstellig word as die Direkteur van die Buro vir Voortgesette Onderwys lid van alle fakulteitsrade kan wees. Doeltreffender skakeling sal daartoe lei dat behoeftes aan voortgesette onderwyskursusse doeltreffender geïnisieer word.
- * Oorweging behoort verleen te word aan oudio- en video-kasette asook korrespondensiekursusse as metodes van aanbieding van voortgesette onderwys, en om (onder meer) die konsep van Christelike wetenskapsbeoefening uit te dra.
- * Gedesentraliseerde aanbiedings van voortgesette onderwyskursusse moet in ruimer mate geïmplementeer word.

- * Omdat dit van owerheidsweë aanvaar word dat die formele stelsel van onderwysvoorsiening nie meer alleen in die aanvraag na hoëvlakmannekrag kan voorsien nie, en die stelsel van nie-formele onderwysvoorsiening in dié verband n groter bydrae moet lewer, behoort in die fakulteit Opvoedkunde op HOD- of B.Ed-vlak n kursus in nie-formele onderwys ingestel te word. In só n kursus kan onder meer verskeie aspekte van voortgesette onderwys aandag geniet.

7.6 MOONTLIKE VERDERE NAVORSINGSTERREINE

Uit die navorsing blyk dat onder meer die volgende moontlike navorsings-terreine na vore tree:

- * Die inisiëring en beplanning van voortgesette onderwyskursusse.
- * Die didaktiek van voortgesette onderwys.
- * Die motiewe van volwassenes vir deelname aan voortgesette onderwys-kursusse.
- * Die volwasse leerder.
- * Die plek, taak en noodsaak van voortgesette onderwys om te help voorsien in die vraag na hoëvlakmannekrag.
- * Die opleiding van opleiers vir die nie-formele onderwyssektor.

7.7 MOONTLIKE TEKORTKOMINGE EN BEPERKINGE VAN HIERDIE NAVORSING

Die tekortkominge wat in hierdie navorsing ervaar is en wat gevolglik tot beperkinge in die verslaggewing kon gelei het, is onder meer in die volgende geleë:

- * Tydens n oorsese reis kon slegs enkele universiteite en ander hoër onderwysinrigtings besoek word.
- * Inligting oor voortgesette onderwysaanbiedings aan buitelandse universiteite was nie altyd geredelik verkrygbaar nie.
- * In vergelyking met literatuur oor voortgesette onderwys in al sy variante vorms in die buiteland, is literatuur oor voortgesette onderwys in die RSA bykans nie beskikbaar nie.
- * Ten slotte het die verskillende vertolkings wat aan die begrip voortgesette onderwys geheg word, ook besondere probleme meegebring.

7.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die doel en hipoteses van die navorsing kortliks herhaal. Voorts is die bevindings ten opsigte van die onderskeie hipoteses geboekstaaf. Gevolgtrekkings is gemaak en 'n aantal aanbevelings wat uit die navorsing na vore getree het, is gestel. Ten besluite is op enkele moontlike verdere studieterreine gewys en is die tekortkominge van die navorsing vermeld.